Pille is vir v-koue moet drink voor hier aankom.

Johan Grobbelaar.

SANAE 9.

—11—.

Jeugsentrum Asis,
Vermeulenstraat.
Pretoria.
19 Des '68.
8.30 nm.

My Liefste Johan,

Ag die verlange is vandag eens so erg. As jy die briefie lees is dit al amper 'n maand oud, maar ons speel ek is met jou op ~~daar~~ hier die oomblik. Dier ek kan regtig nie wag dat die 2 maande ook moet omgaan nie.

Ek het vandag met jou mammie gesels. dit gaan goed daar. Ek wil afgaan na hulle toe einde Februarie dan ry ons saam kaap toe. Ongelukkig sal my ouers nie ook in ons geluk kan deel daar onder nie maar hulle is net so gretig om jou terug te sien as ek of self jou ouers. My pappa het verlof ~~as~~ gehad. toe. Thea in die hospitaal ~~is~~ was.

Dier jou foto staan hier reg voor my as ek opkyk dan sien ek die pragtigge paar blou oë wat iets vir my wil vertel of wat eintlik die hele jaar aan my die boodskap oordra wat jy seker graag aan my wil vertel.

Liefste Soos jy weet is ek eintlik nie 'n briewe skryfster nie maar dis darem lekker om op so 'n manier kontak te maak as daar nie persoonlike voeling is nie. Ag ek wens jy was hier sodat ek net weer daardie beskermende hand in myne kan voel. Johan ek weet nie wat die jaar aan jou gedoen het nie, maar dit het beslis my net meer en meer laat verlang. Ek kan nie meer sê hoe lief ek jou het nie maar dit kom daarop neer dat ek jou vandag liewer het as gister of

eergister. of aldie dae in die afgeloope jaar maar nog minder as wat ek jou more of oormore sal liefhê.

Die jaar was beslis 'n toets wat ek nooit weer oor wil hê nie, maar ek kan darem sê soos Georges Bernands.

"To be able to find joy in another's joy:
that is the secret of happiness".

Dan ook êrer hulle sê; „There is but one
salvation for the tired soul;
Love for another person".

Johan, ek ken elke versie in die boekie wat jy my gegee het. Ek moet sê dit het baie gehelp met die nat aande, wat ek hier so oneindig baie verlang het en ook al die toekomende aande.

Ek het vanaandweer so 'n bewerasie wat net jy kan stil volgens ou ~~Jhon~~ John v/d Berg gisteraand. Hy sê die bewerasie wat 'n meisie ondervind as sy 'n ou wil hê en nie by hom kan kom nie ~~dan~~ is net soos 'n bolander wat die Transvaal se weer hoor. (donderweer).

Dier. ek moet ophou want ek skryf net kaf ~~e~~ en ~~dit~~ dit wat jy seker nie wil hoor nie.

Lekker slaap my skat. Sien jou een van die mooiweerdae. Ek het jou baie lief Johan. Ek wens ek kon in jou oë kyken dit dan vir jou sê. Kyk maar na die foto ek glo hy vertel wat jy wil hoor. Groete van almal hier.

Al my liefde,
Jou verlangende,

Tenie

N.S. Ek kon ongelukkig nie „Liewe Maan" kry nie hoop sal hom hê as jy terug is.

Mooi Loop
Verskoon die skrif dis deur trane gedoen. xxx